KRUISKERK.CO.ZA
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Matteus 10:26-39
**Tema :** Verdeel geloof in Jesus of bind dit gelowiges saam? Moet ons dieselfde oor Jesus Christus bely? Hoe lyk Jesus vir jou?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"What does love look like? It has the hands to help others. It has the feet to hasten to the poor and needy. It has eyes to see misery and want. It has the ears to hear the sighs and sorrows of men. That is what love looks like."
— Augustine of Hippo, Confessions

"Every individual needs revolution, inner division, overthrow of the existing order, and renewal, but not by forcing them upon his neighbors under the hypocritical cloak of Christian love or the sense of social responsibility or any of the other beautiful euphemisms for unconscious urges to personal power."
— C.G. Jung

"the very last thing I want to do is to unsettle in the mind of any Christian, whatever his denomination, the concepts -- for him traditional -- by which he finds it profitable to represent to himself what is happening when he receives the bread and wine. I could wish that no definitions had ever been felt to be necessary; and, still more, that none had been allowed to make divisions between churches."
— C.S. Lewis, Letters to Malcolm: Chiefly on Prayer

"I like your Christ, I do not like your Christians. Your Christians are so unlike your Christ."

"The greatest issue facing the world today, with all its heartbreaking needs, is whether those who, by profession or culture, are identified as 'Christians' will become disciples – students, apprentices, practitioners – of Jesus Christ, steadily learning from him how to live the life of the Kingdom of the Heavens into every corner of human existence."
— Dallas Willard, The Great Omission: Reclaiming Jesus's Essential Teachings on Discipleship

"Mission doesn't mean `compelling them to come in'! It is the invitation to God's future and to hope for the new creation of all things: `Behold, I am making all things new' - and you are invited to this divine future for the world! In God's Spirit you can already anticipate now this becoming-new which God will complete on his day. Once a passion for God's future replaces a passion for the spread of the church we shall stop exporting our ugly European and American church divisions, and extending religious denominationalism instead of hope for the kingdom of God."
— Jürgen Moltmann, The Source of Life: The Holy Spirit and the Theology of Life

**Op hierdie vadersdag**

*dink ek aan my pa, my Dad,*
*vader en alles wat hy beteken*
*het voor die dood hom kon haal het.*
*Versorger en omgee-mens soos*
*scriba, sport- en versekeringsman.*

*Om 'n portret van jou te maak*
*sedert jou vertrek, verander nou*
*van afstand tot hierdie binneblik*
*soos 'n memoir, smeekskrif, petisie*
*oor die versterfreg tussen ons*

*geamendeer nogmaals in 'n vers*
*oor verlange durend soos die wete:*
*hoe het dit alles so onherbergsaam*
*geword sonder die huis-van-my-vader*
*sedert sinds vanaf van na …*
*-Joan Hambidge-*

"I myself find the division of the world into an objective and a subjective side much too arbitrary. The fact that religions through the ages have spoken in images, parables, and paradoxes means simply that there are no other ways of grasping the reality to which they refer. But that does not mean that it is not a genuine reality. And splitting this reality into an objective and a. subjective side won't get us very far."
— Niels Bohr

"The rivers of mythology and philosophy run parallel and do not mingle till they meet in the sea of Christendom. Simple secularists still talk as if the Church had introduced a sort of schism between

reason and religion. The truth is that the Church was actually the first thing that ever tried to combine reason and religion. There had never before been any such union of the priests and the philosophers."
— G.K. Chesterton, The Everlasting Man

**Braam Hanekom: Is dit net die kerk se stem wat stil is**? **(Netwerk24)**

Die afgelope tyd het daar oor 'n wye spektrum stemme opgegaan wat voel dat die kerk se stem stil geword het. 'n Mens moet begrip hiervoor hê. Al is die damme nou voller, beurtkrag effe minder, die rand 'n bietjie sterker en die olieprys laer, is daar steeds genoeg om mense erg bedruk te laat.

Nuwe navorsing oor ons kinders se skrikwekkende onvermoë om met begrip te lees, voortgaande geweld en moorde in ons townships en reeds beleërde landbougemeenskap, asook die vloedgolf van groeiende armoede kan nie meer geïgnoreer word nie. Dit laat die Bybelse "waar sal ons hulp vandaan kom?" na 'n ál meer relevante vraag klink. Sal dit kom van 'n kerk wat met waagmoed die maghebbers van die dag reguit aanspreek?

'n Deel van die dilemma is dat dit wil voorkom asof die breë kerk ná 1994 nog nie duidelikheid het oor wat haar rol in die nuwe demokrasie behoort te wees nie. Gedurende die apartheidsdae was dit vir die meerderheid kerke duidelik: Vra dat die regering vervang moet word. Nou sien ons dat baie kerke, insluitend die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, hoogstens binnensmonds mompel oor die situasie in die land.

Dit wil voorkom asof ons ná 1994 met 'n versigtige, moeë en tam kerk te make het.
Daar is egter ook 'n ander perspektief. 'n Kerkbegrip wat meen dat die kerk alleen gepraat het as die moderator, biskop of pous gepraat het, is 'n verwronge kerkbegrip. Ons sien ál meer dat verandering in Suid-Afrika tans in klein dorpies en op voetsoolvlak gebeur. Die rol van gewone gelowiges kan hier nie misgekyk word nie. Al hoe meer mense begin verstaan dat ons almal 'n stem het.

Konkreet vra dit ons betrokkenheid by gemeenskapsforums en wykskomitees. Dit vra dat jy saam met ander die munisipale bestuur sal gaan sien oor dit wat pla. Jy mag en kan 'n brief vir die plaaslike koerant skryf en as die dorp nie een het nie, stig een. Onthou, ons dade spreek dikwels veel harder as ons woorde.

Ek is nie seker of lang (pers)verklarings deur die kerk nou die land gaan verander nie. Miljoene klein dade wat hoop skep, kan wel. Wanneer jy dus wonder of die kerk se stem stil geword het, moet jy dalk jouself afvra of jou eie stem nie stil geword het nie?

Henry Wadsworth Longfellow het gesê dat die menslike stem 'n orgaan van die siel is. Solank daar nog lewe in jou siel is, kan en mag jou stem nie gesmoor word nie.

Die krag van dié stem wat oor eeue heen uit die burgerlike samelewing (wat die kerk insluit) ontstaan het, moet en sal in hierdie dae weer herrys. Jou stem is nou nodig om in daardie koor te sing.
Onthou tog net wie die Dirigent is, anders kan ook jou stem vals klink.

• Dr. Hanekom is direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

---

## BROOD VIR DIE PAD

**Geestelike Waardes: Winter belowe meer as net die lente wat volg (Netwerk24)**

In 1997 verskyn die Amerikaanse godsdiens¬historikus Martin Marty en sy seun Micah se The Promise of Winter: Quickening the Spirit on Ordinary Days and in Fallow Seasons.

Dié boek bevat foto's van wintertonele deur Micah en gepaardgaande oordenkinge oor die Psalms deur sy pa. Die tema van winter, en die aansluiting by die Psalms, vorm ook die kern van Martin Marty se vroeëre boek The Cry of Absence: Reflections for the Winter of the Heart (1983), geskryf kort nadat sy vrou, Elsa, aan breinkanker dood is.

Soos The Cry of Absence, fokus The Promise of Winter op winter as 'n seisoen van die hart. In hierdie sin verteenwoordig winter "the 'down' sides that come every ordinary day – disappointments, setbacks, frustrations, puzzlements, and even temptations to doubt and depression and despair."

Dat daar 'n ongenaakbaarheid en selfs vernietigende krag aan winter is, kan nie ontken word nie.
Dit is reeds vroeg in die boek duidelik dat die belofte van winter nie bloot daarin geleë is dat lente ná die winter kom nie, maar eerder dat winter self met belofte gevul is, dat daar belofte ín winter is. En tereg sal dit 'n verskraling wees om winter as 'n tyd te sien wat ons net moet verduur sodat ons in die ander seisoene waarlik kan lééf. Winter en donkerte is

wesentlik vir die siklusse van die lewe – ook die geestelike lewe.

Dat daar ’n ongenaakbaarheid en selfs vernietigende krag aan winter is, kan nie ontken word nie. Maar The Promise of Winter vra ook aandag vir ’n sekere skoonheid wat in winter te vinde is, nie net in hoe winter lyk nie, maar ook in wat dit laat gebeur. Micah Marty noem dan ook dat hy deur sy foto’s iets wil uitbeeld van hoe winter ons kan help om dinge helderder te sien. Ons sal dalk nie altyd hou van wat ons sien nie, maar wintertye kan ons blik op die werklikheid eerliker maak. Winter het ook dikwels ’n onthullende funksie: ’n bladwisselende boom byvoorbeeld lyk meer kwesbaar en meer standvastig teen die winterwind as wanneer dit, bedek met blare, wieg in ’n somerbries.

Winter, ook die winter van die hart, lees ons verder in The Promise of Winter, hou meer in as donkerte, koue en oorlewing. Dit is, dieper beskou, ’n tyd gevul met die belofte van insig, versterking, suiwering en sluimerende groei.

Iets van die belofte ín winter word ook verwoord in N.P. van Wyk Louw se sonnet “Winter” (uit sy siklus “Vier gebede by jaargetye in die Boland”), wanneer daar na aanleiding van winter se “swaar geheime wasdom” gevra word: “hoe kon ek dink dat somer ryker is / as hierdie groei se stil geheimenis?” – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*